higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 3

7 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

VRAAG 1


1.1
- Antiklopmiddels
- Oksidasie-inhibeerders
- Metaal deaktiveerders
- Teenroesmiddels
- Teenveryssingsmiddels
- Reinigers
- Fosforverbindings
- Kleursel (Enige relevante 5 × 1) (5)

1.2
- Warm lug
- Koelingsmiddel wat bedryfstemperatuur bereik
- Elektriese verhittingselement (3)

1.3
- Vlotternaald sit vas in die oop posisie.
- Vlotternaald is geslyt of lek.
- Vlottervlak is te hoog gestel.
- Brandstofpomp is te sterk sonder drukontlas. (Enige relevante 2 × 1) (2)

1.4
1 Veerspoel
2 Bo- en onderveerspoelbepaler
3 Boonste mik
4 Boonste mikbusse
5 Boonste koeëlgewrig
6 Onderste mik
7 Onderste mikbusse
8 Onderste koeëlgewrig (8)

1.5



(Sketse) (3)
(Etikette) (2)

1.6
- Vellingbreedtemeetpasser
- Wielbalansgewighamer (2)

[25]

VRAAG 2

2.1
- Dit verhoed oormatige bandslytasie
- Dit verbeter die padhouvermoë van die voertuig
- Dit verhoed harde stuur van die voertuig
- Dit verhoed die voertuig om op die pad te dwaal
- Dit verbeter die voertuig se relatiewe stabiliteit
- Dit bepaal of die wiel sal toespoor of inspoor. (6)

2.2
- Berei die werkarea voor deur modderskermbedekkings aan die voertuig te pas en die werkarea op te ruim.
- Kies die geskikte gereedskap vir die taak.
- Verwyder eers die negatiewe batteryterminaal om ’n kortsluiting te verhoed.
- Verwyder die elektriese kabels van die aansitmotor.
- Verwyder die standboute wat die aansitmotor aan die enjin monteer.
- Verwyder die aansiteenheid van die enjin. (6)

2.3
A Plunjer
B Solenoïede
C Kommutator
D Borsels
E Veldspoele en -omhulsel
F Anker
G Kleinrat/Bendix
H Hefboomvurk (8)

2.4 Die reëlaar pas die lading op die stelsel aan✓ om die spanning teen die korrekte waarde te hou✓ vir die battery om gelaai te word.✓ (3)

2.5 Die gelykrigter se funksie is om die wisselstroom (WS)✓ na ’n direkte stroom (DS) om te sit.✓ (2)

[25]

VRAAG 3

3.1
- Die funksie van die kompensator is om elke wielaktuator in staat te stel
- om ’n gelyke trekkrag van die handremhefboom te kry,
- ongeag die voering, las of kabelslytasie. (3)

3.2 3.2.1 Geen remme
- Stukkende slang of ander lekkasie
- Lug in die stelsel
- Lae vloeistofvlak in remstelsel
- Seël- of suierskade (Enige 2 × 1) (2)

3.2.2 Sponserige pedaal
- Lug in die stelsel
- Skoene nie gesentreer in trommel nie
- Sagte remslang/swellings
- Remtrommel gekraak/te dun geslyt
- Verkeerde remvoerings (Enige 2 × 1) (2)

3.2.3 Harde pedaal
- Voerings gekontamineer met ghries of remvloeistof
- Primêre en sekondêre skoene omgestel
- Remvoeringbinding
- Meester- of wielsilinder gevries of vasgeslaan (Enige 2 × 1) (2)

3.2.4 Remme gryp of sluit
- Ghries of remvloeistof op voering of kussing
- Voering los op skoen
- Los wiellaer
- Sand of vuiligheid in remskoen (Enige 2 × 1) (2)

3.2.5 Remme rek na een kant toe
- Een-wiel gryp
- Skoene nie gesentreer of behoorlik verstel nie
- Oneweredige banddruk
- Verskillende voerings aan een kant
- Skoene omgestel aan een kant (Enige 2 × 1) (2)

3.3 3.3.1 Primêre kring
- Battery
- Aansitskakelaar
- Aansitspoel
- Kondensator
- Punte

3.3.2 Sekondêre kring
- Battery
- Aansitskakelaar
- Aansitspoel
- Rotor-arm in verdeler
- Hoë-spanning leidings
- Vonkproppe (Enige 5 × 1) (2 × 5) (10)

3.4 Begin deur ’n silinderdruktoets uit te voer. (1 × 2) (2)

[25]

VRAAG 4

4.1
- Dra die geskikte persoonlike beskerming vir die werkwinkeltaak wat uitgevoer moet word.
- Wanneer die brandstoflyne ontkoppel word, wees versigtig om nie brandstof te mors nie.
- Blokkeer oop brandstoflyne om kontaminasie te verhoed.
- Blokkeer oop brandstoflyne om stortsels te verhoed wat brandgevare veroorsaak.
- Raadpleeg die werkwinkelhandleiding vir elektriese-verwydering-prosedures.
- Tap olie en koelmiddel in die geskikte houers af.
- Vee alle stortsels onmiddellik op om ongelukke en brandgevare te voorkom.
- Gebruik die korrekte gereedskap vir die korrekte take om skade aan komponente te verhoed.
- Maak net gebruik van sagte slaghamers om komponente los te maak wat vassit.

(Enige 6 × 1) (6)

4.2
- Die voertuig word vir abnormale geluide getoets
- Behoorlike werking van die koppelaar en ratkas
- Om behoorlike werking van die enjin te bepaal
- Om te luister vir enige ongewone aandrywingslyn- en ganggeraas (4)

4.3
- Het jy die groefies van die suierring behoorlik skoongemaak?
- Het jy gekontroleer dat die suierringe die korrekte grootte is?
- Het jy die suierring vryruimte in die suiergroewe nagegaan?
- Het jy die suierring-opening met die ring geplaas in die silinder nagegaan?
- Het jy die lesings met die vervaardiger se spesifikasies vergelyk?
- Het jy die suierring-merke vir installering geïdentifiseer?
- Het jy die suierring-uitdyer gebruik om die ringe te installeer?
- Het jy die korrekte suierring op die korrekte groef gepas?
- Het jy dieselfde prosedure vir al die suiers gevolg? (Enige 8 × 1) (8)

4.4
1 Kroonrat
2 Planeetrat
3 Kleinrat insetas
4 Kleinrat
5 Regterkantse syas
6 Planeetrat/Syasrat/Syrat
7 Linkerkantste syas (7)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou